

Toetrede

Liturgie van die Lig

Woorddiens

Lesing 1: Psalm 126 (1953)

¹ 'n BEDEVAARTSLIED. Toe die HERE die lot van Sion verander het, was ons soos die wat droom.

² Toe is ons mond gevul met gelag en ons tong met gejubel; toe het hulle onder die heidene gesê: Die HERE het groot dinge aan hierdie mense gedoen.

³ Die HERE het groot dinge aan ons gedoen: ons was bly!

⁴ O HERE, verander ons lot soos waterstrome in die Suidland.

⁵ Die wat met trane saai, sal met gejubel maai.

⁶ Hy loop aldeer en ween en dra die saadkoring; hy sal sekerlik kom met gejubel en sy gerwe dra.

Lesing 2: Psalm 137 (1953)

¹ BY die riviere van Babel, daar het ons gesit, ook geweens as ons aan Sion dink.

² Aan die wilgerbome wat daarin is, het ons ons siters opgehang.

³ Want daar het hulle wat ons as gevangenes weggevoer het, van ons die woorde van 'n lied gevra en hulle wat ons verdruk het, vreugde, deur te sê: Sing vir ons 'n Sionslied.

⁴ Hoe sou ons die lied van die HERE kan sing in 'n vreemde land?

⁵ As ek jou vergeet, o Jerusalem, laat my regterhand dan homself vergeet!

⁶ Laat my tong kleef aan my verhemelte as ek aan jou nie dink nie, as ek Jerusalem nie verhef bo my hoogste vreugde nie.

⁷ HERE, bring in herinnering vir die kinders van Edom die dag van Jerusalem, hulle wat gesê het: Breek weg, breek weg, tot op die grond met hom!

⁸ O Dogter van Babel, jy verwoeste, gelukkig is hy wat jou sal vergeld wat jy ons aangedoen het!

⁹ Gelukkig is hy wat jou kinders gryp en verpletter teen die rots!

Tema: “Dromers of doeners? Waar pas jy in?”

Broodjies vir die Pad

Vergete pleidooi om versoening?

deur Jan Lubbe

“Ons is oortuig egte versoening in Christus tussen mense en groepe is die grootste enkele behoefte in die kerk en daarom ook in ons land en samelewing...”

In die Afrikaanse pers is die jaar 1982 “die jaar van die kerk” genoem. 'n “Merkwaardige politieke jaar”, het die gesoute koerantman Willem de Klerk gesê. Dit het veral oor die teologiese regverdiging van apartheid gegaan en ernstige kritiek is op die NG Kerk gelewer: op 'n teologiese konferensie in Pretoria (Januarie); uit die Gereformeerde Kerke in Nederland (April); van die kant van die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke (Augustus); uit die Metodiste- en Presbiteriaanse Kerke in Suid-Afrika (Oktober); uit Stellenbosch, waar 'n aantal lidmate – soos die Springbokflank Jan Boland Coetzee – in die pers verklaar het dat hulle by 'n “kruispad” oor die NG Kerk gekom het (November). Dit het gekom na aanleiding van die NG Kerk se Algemene Sinode daardie Oktober; 'n sinode “sonder waagmoed”. 'n Sinode wat onder meer bly staan het by sy oortuiging dat daar Bybelse gronde is vir die gewraakte Wet op die Verbod op Gemengde Huwelike en die Ontugwet – “liefde oor die kleurgrens”! Dit was óók in Oktober daardie jaar dat die stem van die destydse NG Sendingkerk uit Belhar opgeklink het: oor eenheid, versoening en geregtigheid. “Ons spreek dié belydenis nie uit teen spesifieke mense of groepe mense of 'n kerk nie. Ons spreek hierdie belydenis uit teen 'n valse leer, teen 'n ideologiese verdraaiing wat die evangelie self in ons kerk en land bedreig... Ons pleit om versoening... Ons glo dat die evangelie van Jesus Christus hoop, bevryding, heil en ware vrede vir ons land kan en wil bring.” Aldus die “begeleidende brief” by die konsepbelydenis van Belhar.

Nee, Belhar was nie die eerste stem in dié trant nie. Wat hierbo oor “egte versoening” as die “grootste enkele behoefte in die kerk” geskryf staan, kom uit die Ope Brief wat in Junie daardie “jaar van die kerk” soveel opslae gemaak het, onderteken deur 123 gelegitimeerdes uit die NG Kerk-familie. In drie paragrawe het hulle moedig getuig oor versoening en die eenheid van die Kerk; oor die profetiese roeping van die Kerk; oor 'n diepe solidariteit met die konkrete Suid-Afrikaanse werklikheid en die nood waarin kerke in ons land hulle bevind. Maar die NG kerkleiding het afwysend gereageer, om nie te sê smalend nie: dis nie “die kerklike weg” nie; dis “dislojaal” en “niemand van ons Kerk se drie teologiese fakulteite” het (gelukkig) die Ope Brief onderteken nie! Verdagmaking en viktimisering, só het die enigste ondertekenaar van die Ope Brief op die UV-kampus dit destyds beleef. Vir 'n ander vriend, in 1982 nog Weermagkapelaan by Voortrekkerhoogte, was dit die begin van sy eensame pad uit die (NG) kerk.

Nou is dit 30 jaar later: 2012 – die jaar van Griekwastad en Harrismith, Marikana en die Kaapse plase.

Wéér staan eenheid, versoening en geregtigheid in die branding: op die politieke toneel, tussen kerke en in families. Want hierdie is nie in die eerste plek mooi woorde in weldeurdagte formuliere nie, maar die hart van die Evangelie wat daagliks en daadwerklik in ons gewone lewe getoets en na verlang word. In Christus. En in dié Groot Geselskap kom jy op heilige grond, waar jy jou

moedswilligheid, magstrewes en manipulasie saam met jou skoene uittrek en ver weg neersit om verleë laag te kom neerbuig. En jy sal verbaas wees hoe maklik “egte versoening” daar op jou knieë gebeur: hoe dit moontlik raak om – in Christus – na mekaar te luister.

Om te besef: dié weegskale en maatstokke waarmee ons mekaar so maklik te lig of te kort bevind, is dikwels soos ’n balk in die eie oog.

Om sáám te kan vra dat die woede in ons myne, die brande op ons plase, die agendas in ons kerke en die wrewel in ons huise tog sal bedaar.

<http://www.volksblad.com/Rubrieke/WoordenPerspektief/Vergete-pleidooi-om-versoening-20121118>



Lay it in my hand

from the CD "The Real Album"

words and music: Peder Karlsson

Give me your sorrows, your grief and your burden
leave all your troubles and worries behind
Give me your weaknesses, leave them to me
Give them all to me, so that I can set you free

I come from eternity, I give through the earth
I live in seclusion, in glory and happiness

Keep out of darkness, refrain from despair
stay away when somebody tries to bring you down

You can lay all your troubles and worries in my hand

Give me your future, your dreams and your spirit
show me your passion, and don't be ashamed
Give me your honesty, bring me your truth
tell me all your secrets, and clear them from your mind

I know where you come from, I know who you are
I know your compassion, I've seen your desire

Bring me your eagerness, give me your joy
I supply sensational pleasure and delight

Come and release your confidence in my arms
Lay all your troubles and worries in my hand

Brood vir die Pad

Om nie net te hoor nie, maar om te luister

deur Wilhelm Jordaan

Geoordeel aan die trant van gesprekke is daar baie mense wat net luister as hulle self praat!

Wat by diesulkes verbygaan, is die samehang van hoor en luister:

Om te hoor, maak mens staat op geneties-gegewe sintuiglike apparaat. Klank, byvoorbeeld ’n ander mens se stem, kom na jou aan as opeenvolgende ligte “stampies” op die oor se trommelvlies.

Die hamer en stiebeuel in die binne-oor slaan tamboer en doen al vibrerend hul werk en versend klankprikkel na die toepaslike breingebied. En siedaar, jy hoor.

Om te luister behels egter veel meer as die meganiek van fisiologie. Luister is ’n opofferende ingesteldheid; ’n gewilligheid om eiebelang prys te gee en jou toegespitste aandag, as ’n geskenk, aan ’n ander te gee.

Toets dié ingesteldheid só: Wat doen jy as jy iemand anders met jou hoor praat? Is dit dalk ’n geval van jy hoor net die ander praat en berei solank jou storie voor vir wanneer jy aan die woord kom?

Nog nie oortuig van jou luisterversuim nie? Hier is ’n handvol lastige vrae:

Val jy jou gespreksgenoot gereeld in die rede deur ongevraagde en voortydige vertolkings van wat hy of sy sê? So of jy die dieper betekenis van dit wat gesê word reeds ver vooruit snap en akkuraat die eksegese ken.

Dit kan inderdaad so wees dat jy meer kennis en insig as ’n ander het, maar wanneer ’n mens te vroeg met frases kom soos: “Wat ek sou doen as ek jy is”; “Waarom probeer jy nie?”; “Dit lyk vir my vanselfsprekend dat...” verhinder jy dat die ander ’n saak onder eie woorde bring en eie insigte bereik.

Verander jy gereeld die gespreksonderwerp? Met frases soos: “Jy dink jý het probleme!”; “Wat jy nou sê laat my aan ’n ander ding dink”; of “Het jy gehoor van?...” Sulke sinnetjies troef, sonder dat jy dit dalk bedoel, die ander se mededelings.

Kom jy met al te vinnige trooswoordjies, gerusstellings, opbeurings en simpatiserings sonder om werklik aandag aan ’n ander te gee? Met sinnetjies soos: “Glo maar elke donker wolk het ’n silwer randjie”; “Toe maar, dis nie so erg nie”; “Tyd genees alle dinge”; “Dinge sal nog reg uitwerk.”

Dit is menslik en goed om ’n ander te troos, maar net wanneer dit voorafgegaan word deur egte deernis en begrip.

Raak jy neerhalend in ’n gesprek? Met uitings soos: “Wat ’n belaglike aanname”; “Net ’n gek mens glo sulke goed”; “Jy weet jy’s verkeerd, erken dit maar.”

Dié soort ongeduld, al is jou oordele dalk gegrond, knip gesprekke kort en maak die ander mens minder.

Hoe doof mens dan jousef ’n bietjie uit?

Miskien deur te bedink wat die filosoof Zeno van Citium (334 – 262 v.C.) bedoel toe hy gesê het ’n mens het twee ore en een mond gekry: Om meer te luister en minder te praat.

<http://www.beeld.com/Rubrieke/WilhelmJordaan/Om-nie-net-te-hoor-nie-maar-om-te-luister-20121120>